

Die Gees van God

Krag van God

of

Derde Persoon?

MY VOLK GAAN TE GRONDE

WEENS GEBREK AAN KENNIS;

OMDAT JY DIE KENNIS VERWERP HET,

SAL EK JOU VERWERP....

Hos. 4.6

Joh. 4.23-24: Daar kom `n uur en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Die Good News Bible lees as volg: John 4.23-24: But the time is coming and is already here, when by the power of God's Spirit people will worship the Father as he really is, offering him the true worship that he wants. God is Spirit, and only by the power of his Spirit can people worship him as he really is.

Gelowiges word opgeroep om God in waarheid te aanbid, dit is almal wat Hom dan in Gees wil aanbid, moet hulleself tot waarheid verbind. Waarom? Jesus het gekom om die mens aan ware aanbidding voor te stel want Hyself is die Weg, Waarheid en Lewe (Joh. 14.6). Omdat ons dan opgeroep word om God in Gees te aanbid, is dit beslis nodig dat ons aandag gee aan ons belydenisse wat rondom die "Gees van God" sentreer.

Kom ons kyk na die volgende kritiese vrae:

Mag ons die Heilige Gees `n Persoon maak, alternatiewelik, `n persoonlikheid gee asof dit die identiteit van `n man of `n vrou is? Dit is dan veral die spreekwoordelike Derde Persoon “Hy” verwysing.

Mag ons die Heilige Gees ooit afskei van God die Vader?

Mag ons van die Heilige Gees as die “Krag” van God praat?

Het die apostels van Jesus, of Jesus self, die Godheid as `n triade beskou en veral met die doel om die Heilige Gees sonder die Vader en die Seun te kan aanroep?

Het die Triniteitbelydenis `n filosofiese aanslag en waarom sou God dan van hierdie tipe weg gebruik gemaak het as Christus ons dan alreeds by waarheid uitgebring het?

Waarom het Jesus Sy dissipels na die Bovertrek gestuur om met “krag” uit die hoogte aangedoen te kon word? Behoort dit ons nie `n aanduiding te gee dat die Heilige Gees huis van Jesus, en dan nie van `n Derde Persoon nie, op Pinksterdag getuig het?

Is daar meer verbonde aan die “Derde Persoon” beskrywing en veral nadat die kragtig Geesvervulde apostels van Jesus van die toneel verdwyn het en toe vormgodsdienst wat weggedoen het met die aktiewe (krag) Geesgawes die vertroosting gebring het van `n stil teenwoordigheid van die Heilige Gees - `n belydenis wat dan in plek van die aktiewe nege Gees Gawes ingestel was, naamlik die “Derde Persoon” in die Godheid?

Is dit Bybels om te bely dat ons nie so baie van Jesus moet maak nie en dat ons die Vader en die Gees afskeep as ons dit sou doen?

Daar is baie Christene wat wysgemaak word dat die Triniteitbelydenis onaantastbaar is, dat dit nooit beredeneer mag word nie en dat almal wat dit bely die ewige verdoemenis in die gesig staar. Laasgenoemde oordeel kom natuurlik voor in die (Nuwe Testamentiese) apokriewe en dit laat mens net wonder of die Protestantse/Pentekostaliste wie roem in dieper kennis dan ooit wegbeweeg het van primitiewe denkwyses. Omrede hierdie aantygings dan nogsteeds in ons verligte millenium baie duidelik in swang is, voel ek genoodsaak om die volgende weereens onder ons aandag te bring:

Die Triniteitbelydenis was nie deur die Apostels van Jesus bely nie.

Hoe weet ons dit? Hierdie belydenis is gegrond op Griekse (Hellenistiese) invloed - die filosowe het geargumenteer oor alles wat bestaan het en hulle tipe analisering van 'n kwessie, en veral hulle tipe retoriek, het dan bepaal hoedanig onderwerpe en besprekingspunte deur hulle bewoerd moes word. Daar was veral wegbeweeg van 'n konkrete beskouing en die wyse waarop alles na ware beoordeel moes word het natuurlik toe brandpunte geword wat woordstryd rondom konsepte aan die gang gesit het maar daar was, uit die aard van die saak, meer as een tipe filosofie in plek. Uit hierdie tipe redevoering was die siening en mening van mense wesentlik beïnvloed en daar was dan wel van die Griekse wysheid gebruik gemaak. Beslis nie in dieselfde maat nie, maar selfs geestelikes het dikwels 'n filosoof van eie keuse se mening as riglyn nader getrek net om een of ander teologiese siening substansie te kon gee.

Beskouings was dan gevorm aan die hand van filosofiese interpretasies en veral "logiese"stellings. Plato was veral, soos Sokrates, meester op hierdie die gebied van redevoering. En so het abstrakte beredenering van God en Sy bestaan ook op die Christelike belydenisse deurgewerk en om hierdie rede word die mens gemaan teen 'n te letterlike vertolking van die Skrifte tot vandag toe!

Die apostel Paulus wie inderdaad beskou kan word as die bewaker van Nuwe Verbond-waarheid, het natuurlik teen die strik van filosofiese beredenering gewaarsku maar na sy dood was daar natuurlik nie in geheel by die eerste eeuse apostoliese waarheid gehou nie en ons merk dan ook 'n daadwerklike wegswaai van die simplistiese eerste eeuse boodskap na een van meer komplekse beredenering oor God se bestaan en openbaring aan die mens. Dit wat die apostels van Jesus bely het, sou dan nie by die simplistiese oorgelewerde boodskap gebly het nie maar, soos wat evangelisasie ontplooи het, sou ruimte al hoe meer toegelaat word vir veral 'n meeier gewilde wêreldbeskouing.

Die apostels van Jesus het 'n Joodsgeoriënteerde belydenis met betrekking tot die bestaan van God gehandhaaf

Naamlik dat God die Vader Gees is en wel volgens Jesus self (Joh. 4.24; Joh. 1.18). Dit behoort natuurlik vir ons duidelik te wees wat die apostels bely het want Paulus vat die eerste eeuse belydenis oor God se Gees baie goed saam in 1 Kor. 2.11: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie (=volgens hierdie parallel bedoelend wat in God se Gees is, behalwe die Gees van God.)" Wat die apostel dan hier aan die weerspannige Korinthiërs verduidelik is dat die mens na God se beeld geskape is en dat die mens se gees, net soos God se Gees ook, dit is as Skepper of Maker van

die mens, in Homself is.

**Soos wat die mens se gees dan nie 'n aparte persoon/persoonlikheid is,
afskeidelik/afgeskeie van homself nie, so is God se Gees ook
integraal/intiem/wesentlik deel van Homself/in Homself .**

“Gees” is dan ook inderdaad “lewe”. Om hierdie rede wys Jesus Nikodémus op die wind en sy beweging in die takke van die bome en veral omrede wind magtige/uitermatig kragtige afmetings kan aanneem sou dit in beweging kom. Maar selfs rustend, is die wind nog altyd daar en natuurlik altyd gereed om in beweging te kom. In Jesus se vergelyking egter, is die wind natuurlik in aksie - ons praat eintlik net van “wind” as dit aan die beweeg is - en om hierdie rede gebruik Hy dan ook hierdie parallel om Nikodémus tot kennis van God se onverstaanbare, onverklaarbare, bonatuurlike Geeswerking te lei.

Die mens sonder gees, is dan gestroop van lewe. Dan het die dood ingetree want die gees van die mens bring huis lewe waaronder geen mens kan bestaan nie, in werking. Die mens se gees is egter nie dieselfde as dié van God, Sy Skepper, nie omrede die Gees van God allerheilig is en dit is dan ook soveel hoër as die gees van die mens wat eers die proses van wedergeboorte moet ondergaan alvorens dit enigsins met die Gees van die Heilige, naamlik Jesus, bedeel kan word (Mar. 1.24). 1 Kor. 6.17 : “Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom”. Op Engels: “He who is joined to the Lord, is one spirit”. Vergelyk Jesus se verklaring aan Nikodémus (Joh. 3).

“Gees” is dan onsigbaar maar dit is tog ook kennelik manifesteerbaar.

Dit is met ander woorde waarneembaar en veral in sigbare TEKENS en hierdie tipe tekens word veral aan bonatuurlike, onmeetbare krag gekoppel - maar wat huis waarneembaar is andersins sal die mens nie van goddelike krag kan praat nie want hoe sal die mens dan ooit God se OPTREDE kan onderskei en veral met betrekking tot die tipe handeling wat dan aan die werk is, dit is as God Sy krag sou wou bekend maak aan die mens op 'n gegewe tydstip? Die mens is huis 'n sensoriese wese, dus aards en aardsgebonden van natuur en samestelling, en dit is eers as die mens hom deur die wedergeboorte aan God sou verbind, dat hy in staat gestel word om hoër geestesfere te kan betree. Dit is met ander woorde om dan eers God se bestaan en interaksie met die mens op 'n hoër, geestelike dimensie sinvol te kan belewe (1 Kor. 2.14-16).

Vergelyk met voorafgaande in gedagte, veral die tekens van die Heilige Gees wat God aan die mens geopenbaar/gegee het as bewys van Sy bestaan, dit is vanaf die

Bovertrek. Dit is inderdaad die Geesgawes, maar ook die goddelike, unieke tekens wat in die Bovertrek gemanifesteer het, wat die mens in staat gestel het om te kon kennis maak met die aktiewe openbaarmaking van God se alvermoënde krag (Joël 2.28+; Hand. 2). NIEMAND het God dan ooit gesien nie (1 Joh. 4.12) want NIEMAND kon Hom aanskou het en steeds bly lewe nie (God het Moses só onderrig).

Om hierdie rede, glo ons, het God die Vader Sy Seun in die wêreld gestuur as “beeld van die onsienlike God” en deur Jesus se toetreden tot die mens se lotsbestemming, kon God die Vader Sy Gees op die mens uitstort (Hand. 2.33; Joh. 15.26; Kol. 1.15; Gal. 4; Fil. 2). Jesus was dan inderdaad volgens die apostels die Seun van God en iets waarop ons veral ag behoort te slaan is dat hierdie uitverkorenes van God, nooit die Heilige Gees as “Derde Persoon” aangespreek het nie, ook nie die Heilige Gees as “Persoon”, gelyk aan God en Sy Seun, dogmaties verklaar het nie. Volgens die apostels se boodskap was die Heilige Gees dan altyd met God en Sy Seun vereenselwig (Hand. 2.33; 1 Kor. 2.10; 2 Kor. 3.17).

Om hierdie rede was daar beleid neergelê deur veral die oostelike gedeelte van die Kerk, naamlik dat die Gees van God uit God die Vader sowel as Sy Seun vloei, dit is tot die mens. In die *Evangelie van Johannes* (14.17) maak ons wel kennis met ‘n ander tipe verklaring en so asof God ‘n “ander Trooster” sou stuur én dat die wêreld “Hom”nie sien of ken nie. Hierdie teksverwysing word natuurlik in die algemeen aan die Derde Persoon gekoppel, en so asof die Heilige Gees dan buite/sonder Christus sal optree (outonom). Tog, en weereens in die lig van Gnostiese belydenis wat huis die Derde Persoon ‘n outonome, manlike eienskap gee, behoort ons weer oor Joh. 14 te besin.

Dit is tog Jesus self wat tot by die voleinding van alles met ons sal wees (Mat. 28.20) en dit is ook Jesus wat in Joh. 14.17 aan Sy dissipels vertel dat die wêreld die Gees van waarheid (=die Heilige Gees) nie sien of ken nie, maar, en dit is die kruks, in vers 19 stel Hy dit baie duidelik dat Sy dissipels Hom wel (sal) sien, “omdat Ek lewe en julle sal lewe”. Hy verklaar ook in vers 20 : “In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle.” Presies dit wat die Heilige Gees-vervulling (=dit is in die Bovertrek) in die lewens van die dissipels en apostels van Jesus bewerkstellig het!

Dit is natuurlik die rede waarom Jesus ook verklaar dat Sy Vader die Gees in Sy Naam sal stuur en dit is iets wat dan ooreenstem met Hand. 1.8: “Julle sal krag ontvang as die Heilige Gees oor julle kom en julle sal MY getuies wees.” ’n Stelling wat ons dan weereens uitbring by die Pauliniese onderrig in die Skrifte, naamlik volgens 2 Kor. 3.17: “Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig (verwysend na Moses op die berg) soos in ’n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante

verander na dieselfde beeld - met ander woorde deur die wedergeboorte - van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is." (Vergelyk weereens hierdie stelling met 2 Kor. 3.17, ook Hand. 2.36; Hand. 15.26).

Christus is dan hier die "Here" na wie Petrus en Paulus verwys. Hand. 2.33: "Nadat Hy (Jesus) dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit (=die Heilige Gees) uitgestort (=in die Bovertrek) wat julle nou sien en hoor." Hand. 2.36: "Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God (die Vader) Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het."

Jesus het dan die Heilige Gees uitgestort, met ander woorde Hy het Sy dissipels met die Heilige Gees gedoop en nie 'n sogenaamde "Derde Persoon" nie. Dit is waarheid en hierdie tipe boodskap is dan in lyn met Joh. 4.24. Ons mag dan nooit verkondig dat die Heilige Gees aktief op aarde werkend is, terwyl Christus rustend in die hemel is saam met God die Vader nie! Dit is 'n antichristelike (onbybelse) verklaring wat ons gerus maar teen hierdie tyd as sodanig kan verwerp.

Die Apostels het 'n boodskap gebring wat dan nie ooreenstemmend is met die post-apostoliese belydenisse, dit is aangaande die wyse waarop God Homself in en deur Christus geopenbaar het nie!

Ek dink hierdie stellings is al herhaaldelik op hierdie webwerf oorgedra maar net om weereens die aantyging, naamlik dat die Triniteitbelydenis die "enigste belydenis is wat suiwer waarheid weerspieël" hok te slaan, wil ek kortliks daarop wys dat die Triniteitbelydenis, hoewel baie duidelik sterk aanwesig in post-apostoliese Christendom, dan nie volgens die simplistiese, Skriftuurlike denkpatroon van die apostels van Jesus was nie. Hierdie filosofiese, ingewikkelde verklaring/s pas dan inderdaad goed in by die opkoms van 'n Hellenisties georiënteerde Kerk.

Ons verneem heel interessant wel dat Klemens I, wie Pous van Rome was (\pm 80-97) ook, soos dit voorkom, wel met eerste apostoliese Christendom vereenselwig kan word (Fil. 4), 'n triniteit in die Godheid bely het (ISBE). Klemens I was natuurlik 'n Nasaréner en wie ook dikwels aan die Ebioniete gekoppel word. Maar daar is tekens dat daar alreeds van meet af konflik oor hierdie betrokke saak in plek was en om hierdie rede maak ons reeds relatief vroeg in die Kerkgeskiedenis kennis met die Sabelianisme, 'n belydenis wat aan Egiptiese Christendom gekoppel word en wat dan die pad na die Raad van Nicaéa (325) eintlik maar oopgemaak het want sedertdien het Godheidtwiste so hewig ontbrand dat Konstantyn die Grote met goeie rede toe geëis het dat hierdie baie belangrike Kerklike Raad belê moes word, dit is tussen Arius

en Athanasius. en wat natuurlik uit hierdie Raad voortgespruit het was afdwingbare kerklike voorskrifte, naamlik dat een en elke Katoliek niks anders as die “onfeilbare Triniteitbelydenis moes handhaaf nie, dit is nou met ander woorde ten alle koste. As gevolg van hierdie tipe inprenting deur die eeue heen, word die Derde Persoon-belydenis tot vandag toe aanvaar as absolute waarheid!

Wat egter aanvaarbaar vir ingelige, eietydse leraars behoort te wees, is dat die Triniteitbelydenis, soos alle ander belydenisse, op interpretasie van die Skrifte geskoei is, met ander woorde dit is interpretasie volgens Kerklike voorskrifte en soos wat die Niceense Raad natuurlik die beleid neergelê het. Die wyse waarop God se bestaan, dit is in verhouding met Sy Seun en die Heilige Gees, toe beredeneer was, het natuurlik daarna die standaard neergelê van hoe daar geredeneer moes word oor onder andere die Heilige Gees en om hierdie rede sit ons vandag met interpretasies van nie alleenlik die Triniteitbelydenis nie, maar ook van sy belangrike opposisie, die monargianisme (die volhardende “Eenheidbelydenis”) - die een wel nader aan die suwer Sabelianisme as die ander maar albei baie duidelik en verbete geskoei op die mens se (groeps?) insig en oortuiging. Dit behoort tog, in alle eerlikheid, vir almal duidelik te wees dat die apostels van Jesus nooit, net maar nooit na ‘n Triniteitbelydenis verwys het nie en dieselfde geld natuurlik vir hooflyn Judaïsme se rabbynse verklarings van die Ou Testamentiese geskrifte.

Om dan te wil voorgee, dat die Triniteitbelydenis so Skrifgetrou is dat een en almal wat “hemel toe wil gaan” dit ten alle koste MOET bely...

is dan niks anders nie as naïewe opdringing van ‘n belydenis wat wel bevraagteken kan word. Feit is, daar bestaan GEEN bewys in die Ou of die Nuwe Testament dat gelowige Jode en gelowige Christene aangesê word om in die “heilige Triniteit” te glo nie. Die wat dit verkondig, ken eerlikwaar nie hulle Bybel nie. Feit is dat daar tot vandag toe geredeneer word oor hierdie saak en die neiging is dan nogsteeds om God se bestaan slegs ‘n eensydige verklaring te WIL gee. En wat sal ons kan lei tot dieper verstaan van die heilige Skrifte? Dit sal ook net kan gebeur as ons daarin sou kon slaag om onsself eerstens van kleingeestige kerklike vooroordele te bevry! Dan sal ons miskien vordering kan maak en ons behoort dan in staat te kan wees om ons geestelike veglustigheid te staak. Dit is om te waak teen uitsprake wat mede-Christene ongevoelig brandmerk as “vals”, “kulties”, “dwaalleraars”, ensovoorts. Was vurige martelings nie huis deur die Trinitariërs in plek gestel nie, en was dit nie huis hierdie korps wat almal wie veral die Derde Persoon-belydenis afgewys het, so graag geékskommuniseer, ook geostriseer het nie?

Iimmers het ons almal ‘n behoefté aan die werklikheid van ‘n verreese Jesus en om Hom Sy regmatige plek in ons samekomste te gee. En veral in hierdie dae waar

“herlewing” weer op baie se lippe is. Ons kan dan nie net voortstu in dwaasheid asof ons sonder God se onderrig (Sy Woord) aanspraak op God se egte Gees en Geeswerking kan maak nie en net soos wat ons die verloop van sake wil stier nie.

Om hierdie rede behoort ons kennis te neem van wanpersepsies en veral vergrype wat wel al plaasgevind het op die gebied van die Heilige Gees, dit is met betrekking tot die gawes en funksionering daarvan, ook afvallige manifestasies voortspruitend uit veral die afvallige Toronto Blessing, om nie eens te praat van uiters negatiewe, selfs sataniese manifestasies wat in die Charismatiese era afgespeel het en wat dan huis nie Bybels was nie. Ons kan dit dan nie bloot ignoreer nie. Dit sal dan nie help om hierdie tipe benadering aan “religie” te koppel asof dit iets is wat teen Gees-werking - dit wat huis Herlewning huis onderlê - staan nie! Feit is, God bepaal egtheid (waarheid) en nie die mens nie!

Ons behoort dan inaggenome voorafgaande, soveel meer in gedagte te hou dat gebrek aan kennis (!) inderdaad die ondergang van God se volk is (Hos. 4.6)! Dit is dan nodig dat ons hierdie baie belangrike saak altyd in die regte perspektief sal sien en dit sou dan inderdaad beteken dat ons dit altyd teen die agtergrond van die Woord van God sal moet beoordeel!

Om dit enigsins te kan doen, veral in die lig van dreigende vervolgings wat wel in hierdie dae volskaals teen ware Christendom in plek kan val, behoort ons tot groothartigheid/uiterse verdraagsaamheid in Christus oor te gaan. Geloofsvervolging is eintlik alreeds in plek; die volle uitbarsting daarvan wag net op momentum en hierdie heksejag sal dan op 'n gegewe tydstip uitbars teen een en almal wat Jesus Christus in die egtheid van God se Woord bely. Ons behoort mekaar dan te kan aanhoor in die liefde van Christus! Immers verklaar die apostels Paulus aan Timothéüs dat almal wat wil beérwe, dit is met ander woorde almal wat deel is van hierdie afvallige “laaste dae fase”, in liefde sal moet volhard (2 Tim. 4.6-7)! Dit is ook met hierdie netelige saak in gedagte, dit wat soveel verdeelheid in die Liggaam van Jesus in plek hou, dat ons bietjie dieper behoort te kyk hoe die Skrifte ons aangaande die Heilige Gees en die Gees van God lei.

Dit verbaas my dat oopkoppredikers mens selfvoldaan wil wysmaak dat die “Derde Persoon” in die Godheid deur die apostels aan ons bekendgestel was!

Dit is veral hierdie saak wat tot die Triniteitbelydenis gelei het. Maar is dit waarlik so dat die apostels van Jesus die Heilige Gees 'n outonome persoon en persoonlikheid gemaak het? Of maak ons huis kennis met die “Derde Persoon” as vrou in die Essenisme (onder andere) en natuurlik in die Gnostisisme as man en wie selfs so

persoonlik gemaak word dat hy selfs aan `n bed vasgemaak kon word (Pistis Sophia)! Dit is juis hierdie saak wat integraal tot die Moederverering is.

Was dit dan nie veral die Gnostiese leraars wat die konsep van “Gees van God” juis as ‘n persoon aan ons wou voorstel nie?

En verklaar die apostel Paulus dan nie, en miskien met ‘n spesifieke doel voor oë in sy briewe, dat niemand weet wat in God se Gees is nie behalwe God self nie, ook dat die “Gees uit God” is (1 Kor 2.12)? Hy verklaar tog onomwonne ook in 1 Kor. 2.10: “Maar God (die Vader) het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar (=God se Gees is dan inderdaad sy gees net soos wat die mens, na die beeld van God geskape, ook sy eie gees het).

Dit sou tog belaglik wees om in ons verligte tyd, die gees van die mens ‘n selfstandige wese binne die mens te maak, nie waar nie? En word Gees dan, soos reeds op gewys, nie juis met wind en asem vereenselwig nie, met ander woorde iets wat aan onsigbaarheid, ook beweging, gekoppel kan word net soos wat Jesus dit aan Nikodémus verklaar het (Joh. 3)? Dit dui dan weereens daarop dat die beste uitdrukingswyse daarvan inderdaad “lewe” weerspieël, ‘n eienskap wat met goeie rede veral die wese en aard van “Gees van God” by ons huisbring omrede “lewe” (Heb. *gawyim*) weer direk aan krag, lewenskrag, om te wees/om te bestaan (Ek is = *ehyeh*) gekoppel word.

Dit is dan verder, en nogsteeds met hierdie saak in gedagte, geen wonder dat die Heilige Gees wel met “krag” (power) vereenselwig word in die apostoliese geskrifte nie (Hand. 1.8; Rom. 1.4; 1 Pet. 1.5; 2 Pet 1.3; Open. 11.3; Rom. 13.1 - God het Sy Gees in die Bovertrek gegee; Hand. 4.33; Hand. 6.8; vergelyk Hand. 1.8; Hand. 7.55; Hand. 8.10; Hand. 8.19; Hand. 10.38, met die Heilige Gees EN met krag; vergelyk ook Rom. 15.13; “krag” onderlê dan die Heilige Gees en wat dan nie passief is nie maar dit is inderdaad die krag *van God*; 1 Kor. 2.4 - weereens bevestig die apostel dat die Heilige Gees nie ‘n passiewe persoon/persoonlikheid is nie maar dit kom eintlik weereens tot volle uitdrukking in “krag van God”; 1 Kor. 6.14 - vergelyk laasgenoemde met Rom. 1.4).

Daar is wel ook ‘n uitdrukingswyse van “krag” wat betrekking het op die mens se eie vermoëns (ability/capacity/competency - Gr. *ekskousia*) maar wat tog ook aan “force” (krag) gekoppel word en wat dan, vergeleke met God se Heilige Gees-krag, beperk is want net God se Gees is alvermoënd (Strong’s Gr. 1848). Kyk ook 2 Kor. 13.4; 13.10; Ef. 1.19; Ef. 3.20 (vergelyk *die Gees in ons*) 2. Tim. 1.8; 2. Tim. 3.5; Hand. 11.15 (=die krag van God neem besit van hom/val op hom). En dan verklaar Paulus natuurlik : “Christus, die krag van God en die wysheid van God”(1 Kor. 1.24).

Kyk net hoe raak vat die volgende teksverwysing alles saam: “En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop *deur die krag van die Heilige Gees!*” (Rom. 15.13; vergelyk hierdie teks ook met Rom. 15.19). Gees = Heilige Gees en wel ook Gees van die Heilige (Rom. 15.30).

Die Heilige Gees kom vanuit die Vader deur die Seun na ons toe (Hand. 2.33).

Dit is dan `n Bybelse verklaring en dit maak diegene wat so glo dan nie afvallig nie en net omrede hierdie belydenis ooreenstem met die Russiese, ook die Grieks Ortodokse Kerk se belydenis oor die Heilige Gees. Dit was wel `n kontensieuse saak op `n stadium in die Kerkgeskiedenis, maar as ons in gedagte hou dat Paulus relatief lank in Éfese gearbei het en sekerlik ook doktrinêre sake sou aanspreek, behoort ons dan die Pauliniese invloed in hierdie geografiese gebied nogsteeds raak te kan sien (Asië). En alhoewel die apostel huis in hierdie area later verwerp was, het Pauliniese standpunte wel bly steek en om hierdie rede staan hierdie Skrifwaarheid nog tot vandag toe (2 Tim. 1.15).

Samevatting:

Diegene wat meer oor die Stoïsynse invloed (die Ein Sof) op die Christelike doktrine wil weet, kan gerus op ons Christen-Joodse Studies (Biblical Studies) *The Sacred Name* (No. 3, Module 2) lees.

Daar is `n baie belangrike saak wat ons nie naïef by ons verby kan laat gaan nie en dit is dat God die Vader besluit het om Sy Seun uitermatig te verhoog ná Sy kruisigung en opstanding en om hierdie rede sê Paulus biddend „...dat die God (!) van onse . Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis (!) van Hom mag gee, verligte oë van die verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy (Jesus se...) roeping (is) en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag (!) is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte (=die Heilige Gees Krag van Bo) wat Hy (=God die Vader) gewerk het in Christus (!) toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele bo (!) alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie (!) maar ook in die toekomstige. En Hy (=God die Vader) het alle dinge (!) onder sy voete onderwerp en Hom (=Jesus) as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee (=God se kollektiewe *ekklesia* op aarde, naamlik die bloedgewastes wie gekoop is uit hierdie afvallige wêreld deur die kruisdood van Jesus) wat sy liggaam is (=Christus s'n), die volheid van Hom (=God die Vader en wat uitgestort is

op Christus, die Seun) wat alles in almal vervul“ (Ef. 1.17-23; Mat. 28.20; Fil. 2.7-11; Heb. 7.25; Heb. 10.11-12; Heb. 3).

God die Vader word dan verheerlik as ons in Jesus, Seun van God glo! God die Vader het Hom dan ook die hoofhoeksteen van die gebou van God gemaak (Ef. 2,2 - die Liggaam van Christus) en dit is op Jesus wat God die Vader ook Sy volle salwing van die Heilige Gees uitgestort het eens en vir altyd (Hand. 10.38). Om hierdie rede is Jesus Christus deur die Krag van God se Gees uit die dood opgewek (Rom. 1.4), en waarna Hy, dit is na Sy opvaring en as God se regterhand in die hemele, die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het (=die belofte is die Heilige Gees doping wat Hy van die Vader gebid het om uit te stort op Sy volgelinge soos ons dit vind in Joh. 15.26 en Joh. 14.16) „... het Hy (Jesus) dit uitgestort wat julle nou sien en hoor“ (=die uitstorting van die Krag van die Heilige Gees wat Jesus in Hand. 1.8 belowe het om te stuur).

Jesus is dan inderdaad die krag en die wysheid van God (1 Kor. 1.24) en Hy is ook die Gees van God soos wat Paulus dit bewoord in (2 Kor. 3.17) : „**Die Here** (=Jesus wat die belofte van die Vader dan in ontvangs geneem het om dit uit te stort op Sy volgelinge) **is die Gees**“ Wat bedoel die apostel wie God gebruik het met besondere kennis in die heilige Skrifte en om dit dan aan ons te verklaar anders as dat die Heilige Gees (=die charismata) wat vryelik in die eerste eeuse apostoliese gemeentes gemanifesteer het, niks anders is nie **as die teenwoordigheid van Jesus Christus deur wie die Gees tot ons kom!** Waar die Heilige Gees dan manifesteer deur die Gawes (die charismata, volgens 1 Kor. 12) - geskenk onder die Nuwe Verbondbedeling - is Jesus, Hoof van die gemeentes - wesentlik teenwoordig. **Dit is dan nie dat Jesus Hom ontrek het en dat die Derde Persoon dan Sy plek in die samekoms inneem, dit is op die Geesgebied nie.** Anders sou Paulus nie hierdie baie belangrike saak direk aan Jesus koppel nie!

Dit is dan nie 'n Derde Persoon op wie ons, met ons filosofiese beredenering van die heilige Skrifte, die Gees van God verplaas nie - **dit is soos wat die afvalliges wat die Gees van God uitgeblus het dan ook gedoen het** (1 Thes. 5.19-20; 1 Kor. 14.39) . **Dit is hierdie afvalliges wat beslis die pad oopgemaak het vir 'n afvallige belydenis en wat Petrus se profetiese woord tot vervulling gebring het** : (2 Pet. 2.1): „Maar daar was ook valse profete onder die volk, **net soos daar onder julle valse leraars sal wees** wat verderlike ketterye **heimlik** sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën (=Jesus wie hulle beroof het van Sy sentrale plek in ons belydenisse).... en 'n vinnige verderf oor hulle self bring.“

Deur hierdie afvalliges was die Gees wat op Jesus gerus het (Hand. 2.33) toe uitgeblus en huis omdat hulle Sy eer op 'n „Derde Persoon“ verplaas het. Jesus is dan inderdaad die Steen wat deur die bouers verwerp was - afvallige leraars wat nie by die plan en uitleg van die apostoliese belydenisse gehou het nie (Hand. 4.11; 1 Kor. 3).

Ek was baie verbaas toe ek op 'n dag van 'n teoloog verneem dat daar net te veel van Jesus gemaak word. Wat hy bedoel het is dat ons dan die Vader en die Heilige Gees afskeep! Is dit nie antichristelik om so te redeneer nie en veral waar God die Vader self Jesus uitermatig bo alles verhef het na Sy kruisdood en opstanding? Kan ons nie waaragtig dwaallering in die „Derde Persoon“-belydenis raaksien nie? Waarom is daar so baie onder die Christendom wat weier om die Skrifte te glo, dit is om te GLO wat die Skrifte aangaande Jesus Christus, Seun van God, verklaar?

Omrede filosofiese redenasies skynbaar meer aantreklik is as die eenvoudige (simplistiese) heilige geskrifte! Sou ons dan, soos die Trinitariërs, die Heilige Gees van Jesus se skouers verwyder, verkondig ons inderdaad en onmiddellik 'n „ander Jesus“ want ons stroop Hom dan van Sy gesag en majesteit wat die Vader self op Hom geplaas het! Dit is dan die afvallige leraars wat die Seun van God Sy unieke en besondere status van heerlikheid ontneem. En dit is dan verkeerd (antichristelik) om te redeneer dat ons net te veel maak van Jesus as ons nie ook behoorlike plek sou inruim vir veral die Derde Persoon in die Triniteitbelydenis nie.

En wie is volgens Paulus se evangelie - 'n konsekwente belydenis(!) - daardie een wat ALTYD leef om vir ons in te tree by die Vader?

Is dit nie Jesus nie? Kyk gerus na Heb. 7.25: „Daarom kan Hy (Jesus) ook volkome red die wat deur Hom (!) tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.“ Lees ook Rom. 8.34. Let ook gerus op Rom. 8.2 : „Want die wet van die Gees van die lewe IN CHRISTUS (!) het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.“ Ons sou dan geen vrymaking van sonde gehad het, as dit nie was vir die wet wat deur Christus se kruisdood gaan nie!

Met voorafgaande in gedagte, kom ons lees Heb. 9.14 : „...hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees (die Gees van God = die Heilige Gees) aan God (die Vader) sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie

werke om die lewende God te dien.“ So moet ons dan ook Rom. 8.26-27 in konteks plaas want dit is en bly Jesus, ENIGSTE middelaar tussen God en mens volgens Pauliniese voorskrif (1 Tim. 2.5) wat altyd leef om vir ons in te tree by God die Vader.

„En net so kom ook die Gees ons swakhede te help (=die Heilige Gees wat God die Vader aan Jesus gegee het om op Sy gemeente, sy bloedgewaste ekklesia en wat dan almal wat aan Christus behoort insluit, uit te stort)want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.“ Is hier nou sprake van ‘n „Derde Persoon“ in die Godheid? Sou dit die geval wees, is ons weereens nie konsekwent nie. Waarom? Omdat die Heilige Gees ALTYD deur Jesus Christus na ons toe uitgaan!

Rom. 8.27: „En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoelinge van die Gees is...“ (Daar is tog baie duidelik sprake hier van Een wat die Gees van God ken, nie waar nie? Wie ook alles weet en dit is dan iemand wat almagtig is. Wie anders het almag van die Vader ontvang na Sy opstanding, as Jesus, Seun van God?) „.... omdat Hy ooreenkomsdig die wil van God vir die heiliges intree.“ Wys die apostel Paulus nie hier op Christus as intredene by God die Vader nie? Inderdaad! En om hierdie rede het ons ook die apostel se Heb. 7.25 verklaring tot ons beskikking en sodat ons konsekwent kan bly in ons beredenering. Heb. 7.25 kom ook haarfyn ooreen met 1 Tim. 2.5 : „Want daar is een God EN een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.“ Met ander woorde bedoelend die vleesgeworde Christus wat ook, ná Sy kruisdood en opstanding, opgevaar het en nou aan die regterhand van God die Vader in die hemele leef om vir ons 24/7 in te tree. Dit is hierdie Jesus wat die Gees van God ontvang het van die Vader en wie dit toe uitgestort het op Sy gemeente (Hand. 2.33). [„Middelaar“, en ondanks alternatiewe verklarings hieraan gekoppel, beteken om „tussenbeide te tree“, „om ‘n tussengangersrol“ te beklee en dit behels ook, maar nie uitsluitlik nie, die konnotasie van om tussen twee partye te onderhandel, dit is dan om vrede/versoening te bewerkstellig - iets wat sommige Bybelkundiges (scholars) dan bely].

God die Vader het Hom, Jesus, dan alle mag in hemel en op aarde gegee (Mat. 28.20; Open. 1.8) en daarom kan Hy vir ons intree (instaan) by God die Vader, die verterende vuur God (Heb. 12.29). Ons MOET dan altyd deur Hom, Jesus, tot die Troon van God gaan omrede Hy die volmaakte bloedoffer gebring het en waarsaam ons nooit God se Troon sal kan nader nie. Om hierdie rede verklaar Paulus dat Jesus vir ons intree by die Vader volgens die wil van God! Rom. 8.27 moet dan in hierdie lig verklaar word want die Heilige Gees krag van bo (Hand. 1.8) gaan net deur Jesus Christus na ons toe uit!

Ons behoort dan ag te slaan op veral die apostel Paulus se lering: 1 Tim. 6.3-4: „As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het ‘n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog.“ Dit was juis die Gnostiese maar ook die Esseense leraars wat behep was met twisvrae en woordestryd en wat veral by filosofiese argumentering inpas. Ons moet dan altyd die Skrifte tot ons beskikking, Ou en Nuwe Testament, konsekwent beoordeel en om hierdie rede behoort ons altyd kruisverwysings te maak. Dit sal ons dan die geheelbeeld gee en dit bly dan nogsteeds Jesus, enigste intredene by God AS ons ten minste wil aanvaar dat dit Hy is wat die Geesgawes uitgestort het op Sy bloedgewastes en om hierdie rede is bring die Gees van God Godspraak in aksie (ook in die Nuwe Verbond-bedeling) met woorde soos, „Die Gees het verklaar...“, „die Gees sê uitdruklik“, „Ons en die Gees het saam besluit...“ met ander woorde, „Ons het God geraadpleeg om te kan hoor wat die Here sê en toe het Hy deur Sy Gees (die profetiese woorde as een van die Geesgawes) Sy raad aan die apostels bekend gemaak en so doen God dit nogsteeds tot vandag toe vir almal wat Hom in Gees en Waarheid soek (Joh. 4.24).

Jesus Christus bly dan die deur tot die Koninkryk vir altyd (Joh. 10). Dit is Hy wie volgens Johannes die Doper sou doop met die Heilige Gees en met vuur!

Feit is, Christus is:

Die eerste en Hy is ook die laaste in God se Plan van Saligheid (Open. 1)

Hy is God se getroue Getuie (Open. 1)

Hy is Alfa en Omega (Open. 1).

Hy is dié unieke en enige Seun van God (Ps. 2; Joh. 1; Luk. 1.3-35; Gal. 4; Ef. 4.13)

Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob (Luk. 1.33)

Sy uitgange is uit die dae van die voortyd (=die ewigheid) - (Mal. 5.1; Miga 3.1)

Hy is Yahweh van ouds (Eks. 3.14). God die Vader in en deur Hom (Joh. 17.3)

Hy is die Fontein van lewende water (Joh. 4.13 : „Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie (Jakob se put) water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ‘n fontein van water wat oopgespruit tot in die ewige lewe.“ En dit is die fontein wat op Pinksterdag in die Bovertrek oopgegaan het vir jou en vir my! Vir almal wat wil kom!

(Jes. 55.1) : „O, almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!“

Lees hiermee saam Joël 2.28: „En daarna (ná die koms van Messias wat dui op Jesus se eerste, geseënde koms en met die doel om die blye boodskap te bring en waardeur bloedgewaste kinders van God voorgebring sou word (Heb. 2.10-18; Jes. 53; Gal. 4; Jes. 53) sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees (Heiden sowel as Jood, ook man en vrou en God se eie Gees, nie 'n Derde Persoon nie) en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien (=die aankondiging van die unieke Bovertrekervaring tesame met Hand. 10 toe die huis van Cornelius dieselfde tipe ervaring deelagtig geword het en toe die Geesgawes in werking getree het want toe het God deur Jesus Sy Seun tot die gevalle mens se lotsbestemming toegetree - Heb. 10.9).

Hy, Jesus, is die doper met die Heilige Gees. Geen ander nie! En as ons die Gees onafskeidelik van God en Sy Seun maak, met ander woorde 'n onverdeelbare Drie Persoon Godheid, die volgende:

Daar word in die algemeen deur Trinitariërs verklaar dat daar DRIE Persone in die Godheid is en dat die Heilige Gees so outonom optree dat dit selfs aangeroep kan word - met ander woorde om dan direk tot die Heilige Gees as Derde Persoon in gebed te nader - iets wat baie duidelik nie Skrifverantwoordbaar is nie. Om hierdie rede word die Heilige Gees 'n selfstandige Persoon gemaak.

Valse of egte visioen?

Daar was in die verlede byvoorbeeld 'n bejaarde wat in haar bad geval het en wie toe nie uit die bad kon klim nie. Sy was benoud en het na die Here geroep om haar te help en toe het sy op haar eie getuienis die Heilige Gees (as Persoon) op die bad se rant gesien sit en wie toe met haar in gesprek gegaan het. Nou is dit nie waaragtig afvallige belydenis nie? Hierdie tipe visioene stem haarfyn ooreen met Gnostiese openbarings. Raadpleeg gerus die (Nuwe Testamentiese) Apokriewe.

Wie kan God ooit sien en veral die Gees van God?

Het Jesus nie om hierdie rede in simboliek en vergelyking met Nikodemus die Gees

van God verklaar nie? En waarom gebeur hierdie tipe sataniese misleiding tot vandag toe? Omrede inprenting van afvallige doktrine hierdie tipe misleiding ten gevolg het! Laat ons dan versigtig wees en veral as ons by die Heilige Gees-area kom want baie misleidende „profete“ - geeste wat uit mense wat nie aan God se Waarheid vashou nie vloei - het die Liggaam van Jesus met hulle afvallige doktrines gekontamineer (v. 1 Joh. 4). Ons behoort dan te bly by Jesus se woorde, naamlik toe Hy Sy volgelinge beveel het om in die Bovertrek bymekaar te kom om te wag totdat hulle met „krag“ uit die hoogte aangedoen sou word!

Daar is immers genoegsaam vir ons in die heilige Skrifte, Ou en Nuwe Verbonde, om hierdie standpunt te bekratig. Maar as ons ons wil wysmaak dat God se Gees `n „Derde Persoon“ is, sal ons baie moontlik ook die getuienis van die bejaarde as „waarheid“ wil verkoop. Dit was immers die geval in die verlede!

Dit is dan Jesus, en niemand anders nie, wat hierdie unieke rol vervul by God die Vader.

Derhalwe nie `n „Derde Persoon“ soos wat Klemens I dit sou bely het nie, en saam met hom natuurlik soveel ander afvalliges wat hulle aanvanklik by die apostels van Jesus gevoeg het, maar hulle gelede tog ook weer later verlaat het, en wie toe hierdie tipe afvallige leringe natuurlik (post-apostolies) in plek gestel het, dit is na die apostels van Jesus se verdwyning van die toneel. Dit is dan geen wonder dat Paulus maan dat die waarheid vir die leuen verruil sou word nie (Rom. 1.25). Verwys ook Hand. 20.17+; 1 Joh. 2; 1 Joh. 4; 2 Tim. 4; 2 Tim. 3 en veral waar Paulus wys op die kragverloëners en wie dan die krag van die Heilige Gees (=die doping/invulling met die Heilige Gees sowel as die Geesgawes wat daaruit vloei en wat uit God die Vader deur Jesus na ons toe kom) wou uitblus (Heb. 6.4; Luk. 3.16; Hand. 2.33; 1 Thes. 5.19-20; 1 Kor. 14.39)

Hy verlos van sonde en ongeregtigheid (Luk. 3.17; 1 Tim. 1.15)

Hy is Hoof van die gemeente van God op aarde (Sy bloedgewaste ekklesia) (Ef. 4.15-16; Heb. 3).

Almal wat dan voel dat daar net te veel van Jesus gemaak word en dat die Vader en die Heilige Gees as Derde Persoon dan skade ly, sal moet REPENT!

Repent/Bekering bedoel in Hebreeus om God te antwoord. God het Sy Seun met `n

doel in die wêreld gestuur en dit is vir die mens om hierdie doel na te speur in die heilige Skrifte en om God dan te antwoord! Ons kan dit ook net doen as ons binne die bakens van die Skrifte bly - dit wat die Heilige Skrifte ons leer aangaande God en Sy Seun, ook Sy Gees wat Hy mildelik deur Jesus Christus uitgestort het in die Bovertrek - en wat ons dan sal moet toepas SODAT Christus, God se geliefde en getroue Getuie (!) verheerlik sal kan word as Weg, Waarheid en Lewe (Joh. 14:6; 1 Joh. 5:12), ook deur almal wat arbei vir die uitbreiding van Sy (!) Koninkryk hier op aarde. Ons sal ons dan bereid moet verklaar om, al sou ons ookal in die proses drastiese besluite moet neem wat ons en ons bedieninge wesentlik sal raak, ons te distansieer van paganistiese fabels en filosofiese afvalligheid (2 Pet. 2:1-2)!

Ons sal dan moet begin by die skoonmaak van ons geestelike huis want dan kan God ons optimaal tot verheerliking van Sy Naam - nie onself nie - gebruik! (Jak. 3:1).

Ons verkondig mos ons is tempels van die Here (=huise van die Here!) : (1 Kor. 3:16): „Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?“ Was diegene aan wie Paulus hierdie woord verkondig, nie almal/of merendeel ook gedoopt met die Heilige Gees nie (Hand. 19)?

Laat ons dan nou, in hierdie bose dae, ons daarop toelê om God meer gehoorsaam te wees as mense want dan sal ons plek inruim vir Skrifwaarheid!

Laat ons dan haastig wegbeweeg van afvallige oorlewerings sodat ons by vrymakende Skrifwaarheid kan uitkom! Laat ons ons trots kruisig en plek inruim vir Christus wat op die Troon van ons harte moet regeer en sodat ons Sy Gees kan ontvang net soos wat Cornelius en sy huisgenote dit ook ontvang het (Hand. 10). Laat ons besef dat ons God meer sal moet gehoorsaam as mense om ons want dit is Jesus wat terug sal keer as God se Regter (Hand. 10:42).

Laat ons dan volmondig erkenning gee aan JESUS as enigste en ware Doper met die Heilige Gees!

Dit is juis Hy wie gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde Jesus, Seun van God, is (Heb. 13:8). Wat Hy dan vir die eerste eeuse Kerk gedoen het, kan en sal Hy nogsteeds vir ons wil doen want Hy bly die onveranderlike Een maar wie natuurlik nogsteeds dieselfde vereistes aan Sy gemeente in hierdie dae voorhou net soos wat Hy dit dan gedoen het met Sy eerste eeuse volgelinge!

Ons is begaand oor baie dinge soos om onself te skik om ons God te ontmoet en om selfs tot uiterstes oor te gaan om verkeerde, afvallige gewoontes en rituele oorlewerings uit te roei, maar, ironies, vergeet so baie dat daar getorring was aan die eerste eeuse kerklike belydenisse! En dit is juis ons plig om toe te sien dat ou, oorgelewerde waardes, soos aan ons oorgedra deur die ooggetuies van Jesus se opstanding, behoue moet bly ten alle koste! Of is daar net te veel op die spel as ons sou afstand doen van „ongeregtigheid“? Dit is met ander woorde om dit wat blatant in die Skrifte verdraai word, te negeer net omdat ons dan te veel aansien in die oë van breë Christendom sou verloor? Is ons dan nie geroep om Jesus se lewende liggaam hier op aarde te wees nie?

Dank God! Jesus is die krag en die wysheid van God! (Paulus)

Hierdie Skrifwaarheid skans ons beslis teen misleiding en misleidende geeste omrede ons Here Jesus die volle uitdrukking van waarheid is (Joh. 14.6). So bly ons dan IN HOM, die ware Getuie van God die Vader, as ons Hom in Sy sentrale gesagsposisie behou. En in en deur Hom word alle dinge, en veral die baie belangrike Heilige Gees-beloofte en gawes (=die charismata, 1 Kor. 12.4-11) in stand gehou tot by die terugkeer van Hom wie dan die volmaakte eeu vir ons sal inlui met sy *geregte* regering en wanneer Hy op die Troon van sy vader Dawid sal regeer as God se verkose (volmaakte/perfekte) Koning (Luk. 1.32-33; 1 Thes. 4.13+; Hand. 1.10-11; Open. 1.7)! Amen!

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com

2016-02-15

Uittreksel uit : Kruispaaie (96):

Belangstellendes kan gerus die volgende uittreksel lees, veral diegene wat wyer wil gaan as wat dusver verklaar was.

“ (96) DIE TRINITEIT EN DIE STOÏSYNE :

Die Stoïsyne het aan die begin van die derde eeu (v.C.) die Heraklitiese logos verklaar

as "pervading cosmic reason and fate." Vir Philo (25 v.C. - 50 n.C.) was die logos die krag van die rede wat by God gewoon het. Dit was die eerste seun van God, die middelaar tussen God en mens: die Woord, God se ewige gedagte wat die wêreld geskep het (Jaspers : 24 - *The Great Philosophers* (Bibl). Jaspers : 174 verklaar ook in dieselfde boek dat, teneinde trinitêre eenheid (*triune oneness*) te kan verstaan, moet ons alle konsepte transendeer. Ons moet alles versaak wat van die sintuiglike, die verbeelding en diskopersiwe rede afkomstig is, dit is as ons die mees simplistiese, mees abstrakte insig, naamlik dat alle dinge een is, wil bereik (raakvat) want, "In terms of this insight, the highest One can be conceived only as triune". Daar is 'n bewering dat die Stoïsynse filosofie op die Esseners deurgewerk het (Raadpleeg gerus die Bronverwysings tot hierdie artikel). Ook dat Tarsus 'n stad van hierdie tipe filosofie was. Paulus sou dan goed bekend gewees het met hierdie tipe redenasie oor die Godheid.

Jaspers verklaar natuurlik ook dat die grootste oneindige Een (infinite One) 'n triniteit is. Eenheid impliseer dan gelykheid met die self en die band tussen eenheid en gelykheid (=*unitas, aequalitas, connexio*). Hy beweer dat die innerlike artikulasie (=sonder verdeling) van die goddelike Wese moet dan sonder "andersheid" wees (*is to be thought of without recourse to "otherness"*). Hiervolgens sou gelykheid dan nie gelykheid tussen twee entiteite beteken nie, dit is 'n Een of 'n Ander, elk gelyk aan die ander, maar dit sal identies met (die) self wees. Net so is die band volgens hierdie filosoof tussen eenheid en gelykheid nie 'n band tussen verskillende dinge nie, maar (dit is) eenheid opsigself. Ons behoort dan die grondslag van die Triniteit hier te kan sien en so 'n tipe eenheid sal dan net aan die hand van die filosofie verklaar kan word. (*Oorspronklike teks* : "The greatest infinite One is triune. For oneness implies equality (with self) and the bond between oneness and equality (*unitas, aequalitas, connexio*). This inner articulation of the divine Being is to be thought of without recourse to "otherness". In this sense "equality" does not, or example, signify equality between two entities, a One and an Other, each equal to the other, but identity with self. Similarly, the bond between oneness and equality is not a bond between different things, but oneness itself.")

Net omdat die Triniteit aanspraak maak op "spesiale insig", word daar verder op hierdie tipe redenasiestyl ingegaan. Jaspers vra dan waarom daar dan nie van vier gepraat word nie. Maar daar word huis na 'n driehoek verwys. Hy vra dan terug waarom dan drie-in-een en nie vier of vyf in een nie? En hy maak dan hierdie saak vas aan 'n matematische figuur. Hy voel dat die eenvoudigste poligoon huis die driehoek is want dit is die kleinste poligoon en geen poligoon kan minder kante (sides) hê nie. En aangesien die kleinste met die grootste saamval, is die grootste poligoon die oneindige (infinitiewe) driehoek. Dit bevat net poligone terwyl die vierkant nie die kleinste poligoon is nie en dit kan gevvolglik nie saamval met die absoluut grootste (een) nie. Die grootste driehoek is dan die eenvoudigste maatstaf vir alle trinitêre

dinge (the simple measure of all triune things) en die eerste figuur (beeld/patroon) is dan die driehoek en alle ander figure kan daarheen herlei word. Net die driehoek kan nie afgebreek word in figure wat dan twee hoeke of een hoek het nie.

"This shows that the beginning of mathematics is triune. The origin is the simple. The simple is that which is not One any more than it is triune, and therefore is One. In the enigmatic image of the triangle it is seen as the triune God (Jaspers :174-175 Vol 2). Ons behoort Pythagoras, mistieke wiskundige, se invloed raak te kan sien op die Triniteit-konsep. Pythagoras het ook die Egiptiese priesters besoek en hulle het seker ook hierdie tipe kennis gehad want hulle triniteit word huis aan Osiris, Sirius en Horus verbind (Verwys Hancock se baie interessante bespreking oor die Egiptiese konstellasies en hulle kennis op die wiskundige gebied).

Karl Jaspers : 175 (Vol 2) verklaar ook dat konsepte nie lewendig kan word tensy hulle visualiseer kan word nie en daar is volgens hom geen Triniteit totdat ons dit kan sien as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees nie. "God the Father begets the Son, and the Holy Spirit lives and breathes in them. The one God is all-powerful in the triad. He begets Himself in the Word (logos) which is the Son, in whom He sees Himself and all that can come into being through Him. The Holy Spirit is the bond between them and produces that which is love of God." Hy vergelyk ook die Heilige Gees met liefde (hierdie denkpatroon vind ook aansluiting by Nicholas de Cusa). Jaspers : 165 (Vol 2) voel dat dieselfde vir die Naam van God geld. "Can God be named at all?" Maar hy verklaar dan dat God onuitspreeklik is (sy Naam) omdat alle noembare dinge onbeduidend is vergeleke met sy onverstaanbare grootheid. Tog openbaar sy redenasie `n teenstrydigheid soortgelyk aan die gnostisme as hy verklaar: "But He can be named over and above all things, since He is the original ground of all things nameable. He who confers names upon others cannot Himself be without a name. Then is God both ineffable and effable? That is not the case either. He is neither named nor not named, nor is He both named and not named. Nothing that can be said is adequate to His sublime infinity, which lies above every possible idea of Him. (Hiedie bron kwoteer ook vanuit : *Dialogue between a heathen and a Christian (De deo abscondito) Dialogue of the hidden God. Nicholas of Cusa*)..

Die baie belangrike Anselm word ook gekwoteer (Jaspers : 112) : "If a thinker declares God to be a univeral, an abstractum, but the three persons, God the Father, Christ and the Holy Ghost, to be individuals, he is thinking like a nominalist and has three Gods. But if the universal, God, is Himself reality, then God is one, and the three persons are forms of the one: this idea is 'realist', because it upholds the reality of the universals. Church dogma seems to demand 'realist' thinking. Anyone, says Anselm, who fails to understand that several people are, as to species, one man, will surely not be able to understand that in the most mysterious of beings the three persons, though each is God, are nevertheless only one God.". Die Triniteit is dan, soos dit voorkom, filosofies verantwoordbaar. Maar vind ons hierdie tipe redenasie in die Apostoliese brieue?

(=die Apostels van Jesus).“

Bibliografie van die gekwoteerde „Die Triniteit en die Stoïsyne“ : Kyk A-1, *Die Christelike Geloof, Sy Grondslag en Ontplooiing*, Ester Blomerus, Christen-Joodse Studies (Belydenisse binne die Christendom), www.housealtarnetwork.com Kyk gerus op dieselfde webwerf, Christian Jewish Studies (Biblical Studies), na The Sacred Names, vir 'n verdere vervatting oor onder andere die Ein Sof belydenis wat ook aansluiting vind by die Stoïsynse filosofie en veral met betrekking tot die Triniteitbelydenis in gedagte. Paulus verklaar dat kennis nie vir almal is nie maar ongelukkig is dit gewoonlik diegene wat huis in kennis van die Bybel roem, wat belydenisse in plek wil hou wat nie altyd so Skrifverantwoordbaar is as wat dit veronderstel is om te wees nie. Of het die uiterste wegbeweeg van fundamentele Skrifwaarheid ons eintlik maar op 'n dwaalpad gebring? En daarom ondersoek ons „alle dinge“ maar ons behou ook graag die goeie. Sê die geliefde Paulus, ons vader in die Here, nie ook iets in hierdie verband nie?

Tekskwotering uit :

Die Bybel in Afrikaans, Eerste druk 1933, Vierde uitgawe (naslaan 1957).1981.

Good News Bible - Today's English Version, First S.A. Edition 1977, Seventh Impression
